basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

NOVEMBER 2015 (R)

PUNTE: 80

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

AFDELING A: LEESBEGRIP	(30)
AFDELING B: OPSOMMING	(10)
AFDELING C: TAAL	(40)

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin elke afdeling op ŉ NUWE bladsy.

4. Trek ŉ streep na elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat ŉ reël oop na ELKE antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Beplan jou tyd só:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1

TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL

Lees die onderstaande artikel deur en beantwoord die vrae wat volg.

WEES VERSIGTIG VIR DIE DWELMMONSTER!

1 Elvis Johnson* was ’n dwelmverslaafde. Tog het hy daarin geslaag om sy verslawing te oorwin. Hy het vier jaar lank dwelms gebruik, maar is nou al ’n jaar skoon. Hier vertel die 19-jarige Elvis sy verhaal.

2 Toe ek ’n kind was, het ek, net soos ander kinders, ook planne vir my toekoms gehad. Dit was nooit my droom om ’n dwelmverslaafde te wees wanneer ek groot is nie. Dit was definitief nie deel van my toekomsplanne nie; tog het dwelms en alkohol my drome verwoes. Ek het al op 13-jarige ouderdom begin drink. Die jaar tevore het ek begin rook. Toe ek die eerste keer op 14-jarige ouderdom dwelms gebruik het, is ’n verslaafde gebore.

3 Dit was een naweek tydens ’n partytjie toe my “beste vriend” my omgepraat het om *cat* uit te toets om my te laat ontspan. *Cat* word van methcathinone gemaak, wat ’n baie sterk stimulant is. Baie gou moes ek elke dag *cat* gebruik om goed te funksioneer. Ek kon nie meer daarsonder klaarkom nie. Saans kon ek nooit aan die slaap raak as ek nie êrens in my kamer genoeg *cat* vir die volgende dag weggesteek het nie. Die gebruik van *cat* het ook my eetlus beïnvloed. Wat begin het as “naweekpret”, het in ’n leefwyse verander.

4 Soggens, voordat ek universiteit toe gery het, moes ek *cat* gebruik. As ek enigiets voor my studentevriende moes doen, soos byvoorbeeld ’n toespraak lewer, moes ek voor die tyd eers weer *cat* gebruik. Dit het my die selfvertroue gegee wat ek nooit as skoolkind gehad het nie en het my laat voel asof alles perfek is.

5 Maar dit was ’n leuen.

6 *Cat* het van my ’n eensame mens gemaak. Ek het in ’n donker wêreld geleef. Die enigste ander bewoners van hierdie geheime wêreld was ander dwelmverslaafdes. My geduldige ouers het agtergekom iets was fout en het met my daaroor probeer gesels. Ek het egter nooit teenoor hulle erken dat ek ’n dwelmprobleem het nie.

7 My ouers het my na verskillende rehabilitasiesentrums gestuur om my te help om my dwelmverslawing te oorkom. Hierdie pogings het vier keer misluk. Toe my ouers nie meer die leuens, die aggressiewe gedrag, die vloektaal en diefstal van hulle geld en ander besittings kon verduur nie, het hulle na die polisie toe gegaan. Ek is in hegtenis geneem en moes in die hof verskyn. As deel van my straf, moes ek nege maande lank na ’n rehabilitasiesentrum toe gaan. Terwyl ek daar was, het ek baie min kontak met my gesin gehad. Eers na vier maande kon my ouers ’n uur lank op ’n keer by my kom kuier.

8 Dié nege maande lange rehabilitasie was die moeilikste, maar die beste ding wat nog ooit met my gebeur het. Ek is nou weer die ou Elvis Johnson en is vasbeslote om nooit weer na my slegte gewoontes terug te keer nie.

9 As ouers die tekens van dwelmverslawing ken, kan hulle hulle kinders vroeër help. Een teken is byvoorbeeld wanneer jou verslaafde kind sê: "Ma, mag ek asseblief R200 of R250 vir 'n roomys kry?" Dit is wat dwelms kos. 'n Tweede teken is wanneer jou kind gedurig snuif en vir jou sê dat hy maar net 'n verkoue het. Jy weet egter dit is nie waar nie.

10 Dwelmverslawing lei uiteindelik na een van drie plekke: 'n rehabilitasiesentrum, die tronk of 'n lykshuis. 'n Dwelmverslaafde is nie 'n slegte mens nie. Dis 'n normale mens met ideale, maar iemand wat in 'n oogwink die verkeerde ding gedoen het. Van daardie oomblik af verander sy/haar lewe. Hoe gouer die persoon hulp kry, hoe beter. Met ondersteuning van ouers en die dwelmverslaafde se eie wilskrag is dit moontlik om te herstel.

* Nie sy regte naam nie.

[Uit: www.google.com]

[Verwerk uit www.huisgenoot.co.za]

1.1 Haal EEN woord uit paragraaf 1 aan wat aandui dat daar nie meer 'n teken van dwelms in Elvis se liggaam is nie. (1)

1.2 Rangskik die volgende gebeurtenisse in Elvis se lewe in die regte volgorde. Skryf net die vraagnommer (1.2) en die antwoord in die regte volgorde neer, byvoorbeeld 1.2 D, E, F.

A Hy het begin drink.
B Hy het dwelms begin gebruik.
C Hy het begin rook. (1)

1.3 Elvis het ONMIDDELLIK aan dwelms verslaaf geraak.

Haal 'n SIN uit paragraaf 2 aan om hierdie stelling te motiveer. (1)

1.4 Elvis verwys ironies na sy “beste vriend” (Paragraaf 3).

Verduidelik waarom dit ironies is. (2)

1.5 Kies die antwoord wat die sin KORREK sal voltooi. Skryf net die vraagnommer (1.5) en die antwoord (A–D) neer, byvoorbeeld 1.5 E.

Die hoofgedagte van paragraaf 3 is …

A die bestanddele van die dwelm *cat.*
B Elvis se probleme om te slaap.
C die effek van *cat* op Elvis se eetlus.
D hoe *cat* Elvis se lewe verander het. (1)

1.6 Waarom, dink jy, het Elvis sy *cat* weggesteek? (1)

1.7 Watter uitwerking het *cat* op Elvis gehad voordat hy ’n toespraak moes lewer? (1)

1.8 Hoekom bestaan paragraaf 5 net uit een sin? (1)

1.9 “Ek het in ’n **donker** wêreld geleef.” (Paragraaf 6)

1.9.1 Het die woord “donker” ’n denotatiewe of konnotatiewe betekenis? (1)

1.9.2 Waarom is die gebruik van die woord “donker” funksioneel? (1)

1.9.3 Haal ’n woord uit paragraaf 6 aan wat die betekenis van die woord “donker” versterk. (1)

1.10 Verwys na paragraaf 6.

Noem EEN manier waarop Elvis se ouers hom probeer help het. (1)

1.11 “Die nege maande lange rehabilitasie was die moeilikste, maar die beste ding wat nog ooit met my gebeur het.” (Paragraaf 8)

1.11.1 Waarom was dit moeilik? (1)

1.11.2 Waarom was dit die beste ding? (1)

1.12 Hoekom behoort ’n ouer agterdogtig te wees as ’n kind R200 of R250 vra om roomys te koop? (1)

1.13 Watter verskoning gee ’n dwelmverslaafde as hy/sy gedurig snuif? (1)

1.14 Waarom kan ’n dwelmverslaafde in die volgende plekke beland?

1.14.1 Rehabilitasiesentrum (1)

1.14.2 Tronk (1)

1.14.3 Lykshuis (1)

1.15 Hoekom, dink jy, verskyn die verteller se regte naam nie in die artikel nie? (1)

1.16 Oor watter sosiale probleem handel die leesstuk? (1)
1.17 Watter boodskap dra die prentjie vir jou oor? (1)

1.18 Waarteen waarsku Elvis se verhaal jongmense? (1)

TEKS B: DEPARTEMENT VAN VERVOER SE PLAN VIR VEILIGER PAAIE

Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



[Verwerk uit www.grafika24.com]

1.19 Waar mag bestuurders die vinnigste ry? (1)

1.20 Waarom word die spoedbeperkings in dié spesifieke volgorde gerangskik? (1)

1.21 Kies die antwoord wat die sin KORREK sal voltooi. Skryf net die vraagnommer (1.21) en die antwoord (A–D) neer, byvoorbeeld 1.21 E.

Die funksie van die volgende teken in hierdie konteks is om … aan te dui.

A gevaar
B 'n ongeluk
C padwerke
D 'n padblokkade (1)

1.22 Hoe weet jy dat die Departement van Vervoer bekommerd is oor die veiligheid van skoolkinders? (1)

1.23 Waarom is die gebruik van die prentjie hieronder gepas?

(1)

1.24 Kies die korrekte antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (1.24) en die antwoord neer.

Bestuurders moet (gereeld/selde/slegs een keer) 'n rybewystoets aflê. (1)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2

Lees die onderstaande teks deur en voer die instruksies uit.

INSTRUKSIES

1. Som die SEWE redes waarom elektroniese speletjies vir volwassenes goed is, op.
2. Skryf die redes PUNTSGEWYS neer.
3. Nommer die redes van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

TEKS C: ELEKTRONIESE SPELETJIES IS GOED VIR VOLWASSENES

Kla jou ouers dat jy hopeloos te veel tyd aan elektroniese speletjies bestee? Miskien moet hulle begin saamspeel. Die jongste navorsing gee die volgende redes waarom elektroniese speletjies ook vir volwassenes goed is.

Baie volwassenes is depressief en moeg na ’n dag se werk. Hulle lewens bestaan mos net uit werk, rekeninge en verantwoordelikhede. Elektroniese speletjies kan sulke volwassenes help om te ontspan. Ontspanne volwassenes is mos gelukkiger mense. Elektroniese speletjies help hulle ook om meer gebalanseerd te lewe, want terwyl hulle speel, is die verantwoordelikhede van die lewe op die agtergrond.

In die Verenigde State van Amerika speel meer as vyftig persent van die volwassenes elektroniese speletjies. Dit help hulle om op sosiale vlak met nuwe mense te gesels, want ’n speler het altyd iets om oor te praat as hy/sy ’n medespeler aanlyn ontmoet.

Dit is belangrik dat enige paartjie elektroniese speletjies saamspeel. Volgens navorsing versterk dié kwaliteittyd van saamspeel die paartjie se verhouding.

Navorsing het bewys dat elektroniese speletjies kreatiwiteit stimuleer. Volwassenes kan hierdie kreatiwiteit na ander fasette van hul lewens oordra. Elektroniese speletjies kan ook kompeterend wees. Deur kompeterend te speel, kan ’n volwassene leer dat wen of verloor deel van die lewe is.

Oog-handkoördinasie is baie belangrik. Goeie oog-handkoördinasie beteken byvoorbeeld dat jou hande en oë kan saamwerk, soos wanneer jy bestuur. Elektroniese speletjies verbeter volwassenes se oog-handkoördinasie.

As jou ouers dus weer oor elektroniese speletjies kla, nooi hulle eerder om saam met jou te speel.

[Verwerk uit www.lifehack.org]

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAAL

VRAAG 3: ADVERTENSIE

TEKS D

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die nommer van die vraag wat beantwoord moet word.
- Opsetlike taalfoute kom voor.

BEACON LIQUORICE ALLSORTS



(3.3) *Dit neem ALLE SOORTE om Suid-Afrika te bou!*

Wanneer jy aan liquorice dink, dink jy aan *Beacon Allsorts.*
Dis omdat ons die nommer EEN, smaaklikste liquorice
in **Suid-Afrika** is!

Oud of jonk, 'n mens het (3.5) … gunstelingkleur, -vorm
-grootte, -tekstuur en -geur.

Beacon Allsorts bied die beste
pret-eet-ervaring met 'n hele reeks lekkers.

(3.6) … navraag by eksklusiewe winkels.

(3.7) LEKKER
LEKKERDER
LIQUORICE

[Verwerk uit www.beaconallsorts.co.za]

3.1 Wie is die adverteerder? (1)

3.2 In hierdie advertensie is Suid-Afrikaners die teikengroep.

Hoe beklemtoon die advertensie dit? (1)

3.3 Die sin “Dit neem ALLE SOORTE om Suid-Afrika te bou!” is dubbelsinnig.

Noem TWEE betekenisse van die adverteerder se woorde “ALLE SOORTE”. (2)

3.4 Noem TWEE tegnieke waarmee die adverteerder jou probeer oortuig om die produk te koop. (2)

3.5 Voltooi die onderstaande sin met die ontbrekende VOORNAAMWOORD.

Oud of jonk, ’n mens het … gunstelingkleur, -vorm, -grootte, -tekstuur en -geur. (1)

3.6 Kies die antwoord wat die sin KORREK sal voltooi. Skryf net die vraagnommer (3.6) en die antwoord (A–D) neer, byvoorbeeld 3.6 E.

... navraag by eksklusiewe winkels.

A Doen
B Maak
C Vra
D Bespreek (1)

3.7 Verwys na die trappe van vergelyking “LEKKER – LEKKERDER – LIQUORICE”.

3.7.1 Vervang “LIQUORICE” met die korrekte OORTREFFENDE TRAP van “lekker”. (1)

3.7.2 Watter idee skep die adverteerder met hulle trappe van vergelyking “LEKKER – LEKKERDER – LIQUORICE"? (1)
[10]

AFDELING C: TAAL

VRAAG 4: STROKIESPRENT

TEKS E

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

GARFIELD

Raampie 1 **Raampie 2**

[Verwerk uit: www.garfield.com]

4.1 Wat is die funksie van die ellips in raampie 1? (1)

4.2 "Haai, my hoofpyn is weg." (Raampie 1)

Gebruik die HOMONIEM van "Haai" in 'n volsin. (1)

4.3 Verwys na raampie 2.

4.3.1 Noem TWEE tekens wat wys dat die man moedeloos is. (2)

4.3.2 Skryf "EK'S" volledig uit. (1)

4.3.3 Op watter TWEE maniere word Garfield se woorde beklemtoon? (2)

4.4 Wat impliseer Garfield se woorde in raampie 2? (1)

4.5 Hoe weet jy dat Garfield se stert swaai? (1)

4.6 Kies die woord wat die volgende stelling KORREK sal voltooi. Skryf net die vraagnommer (4.6) en die antwoord (A–D) neer, byvoorbeeld 4.6 E.

Garfield se woorde (raampie 2) maak die man se woorde (raampie 1) vir die leser …

A komies.
B tragies.
C realisties.
D romanties. (1)

[10]

VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT

TEKS F

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

(5.1.1) DIE KOEKSISTER IS TROTS SUID-AFRIKAANS

Die Suid-Afrikaanse koeksister **Die Indiese jalebi**

[Uit: www.google.com]

(5.1.2) Koeksisters is 'n Suid-Afrikaanse lekkerny. (5.1.3) 'n Smullekkersmaak kry jy in elke happie!

(5.1.4) Orals waar jy gaan, sal jy koeksisters kry. Dit verskyn op (5.1.5) (spyskaart) in restaurante. (5.1.6) Jy koop dit by kettingwinkels. (5.1.7) Dit is selfs gewild by meisiesskole.

Die basiswoord van koeksister is "koek". "Sister" verwys na die twee of drie repies deeg wat gevleg word om die koeksister te vorm. (5.1.8) Sister verwys ook na die sisgeluid wat die koeksister maak. Jy week dit in koue stroop. (5.1.9) Jy moet dit eers in warm olie bak. Dit is soet, stroperig, bros buite en sag binne. (5.1.10) Baie mense sê: "Koeksisters is deel van die Suid-Afrikaanse tradisie."

(5.1.11) Die Maleiers, wat as slawe hierheen gekom het het die koesister Suid-Afrika toe gebring. Die Maleise koesister, wat anders as die koeksister is, is oliebolvormig, geurig, in stroop gedoop en word in klapper gerol. Dit is soos die Indiese *jalebi* of *gulab jamun* wat in stroop geweek word. Die Kaapse Maleiers geniet elke (5.1.12) Sondag koesisters saam met 'n koppie tee.

Koeksisters is 'n heerlike nagereg om by spesiale geleenthede en feeste te bedien. Betsie Verwoerd het ook koeksisters aan mnr. Mandela bedien kort na sy (5.1.13) (vrylaat). (5.1.14) Dit was 'n geskikte manier om die ys te breek.

[Verwerk uit www.africhef.com]

5.1.1 Verander die STELSIN na 'n VRAAGSIN.

Die koeksister is trots Suid-Afrikaans. (1)

5.1.2 Skryf die ADJEKTIEF in die sin neer.

Koeksisters is 'n Suid-Afrikaanse lekkerny. (1)

5.1.3 Rangskik die woorde in die sin hieronder en begin met die ONDERWERP van die sin wat onderstreep is.

'n Smullekkersmaak kry jy in elke happie! (1)

5.1.4 Skryf die volgende sin oor en begin met die onderstreepte HOOFSIN.

Orals waar jy gaan, sal jy koeksisters kry. (1)

5.1.5 Gee die MEERVOUD van die vetgedrukte woord.

Dit verskyn op **spyskaart** in restaurante. (1)

5.1.6 Waarna verwys die persoonlike voornaamwoord **dit** in die volgende sin? Skryf slegs die EEN woord neer.

Jy koop **dit** by kettingwinkels. (1)

5.1.7 Skryf die woord wat verkeerd gespel is, korrek oor.

Dit is selfs gewild by meisiesskole. (1)

5.1.8 Verbind die twee sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

Sister verwys ook na die sisgeluid wat die koeksister maak. Jy week dit in koue stroop. (terwyl)

Begin die sin só: Sister verwys ook na die sisgeluid wat die koeksister maak terwyl … (1)

5.1.9 Skryf die volgende sin oor in die INFINITIEF.

Jy moet dit eers in warm olie bak.

Skryf die hele sin oor en begin só: Jy behoort … (1)

5.1.10 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.

Baie mense sê: “Koeksisters is deel van die Suid-Afrikaanse tradisie.”

Begin só: Baie mense sê dat … (1)

5.1.11 Skryf die sin oor en vul die ontbrekende LEESTEKEN in.

Die Maleiers, wat as slawe hierheen gekom het het die koesister Suid-Afrika toe gebring. (1)

5.1.12 Skryf die AFKORTING van die vetgedrukte woord neer.

Die Kaapse Maleiers geniet elke **Sondag** koesisters saam met ’n koppie tee. (1)

5.1.13 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

Betsie Verwoerd het ook koeksisters aan mnr. Mandela bedien kort na sy (vrylaat). (1)

5.1.14 Kies die antwoord wat die volgende sin KORREK sal voltooi. Skryf net die vraagnommer (5.1.14) en die antwoord (A–D) neer, byvoorbeeld 5.1.14 E.

“Dit was ’n geskikte manier om die ys te breek.” In hierdie konteks beteken die uitdrukking “om die ys te breek”, om …

A ys in stukkies te breek.
B iets gevaarliks te doen.
C ongemaklik te voel.
D ’n moeilike situasie op te los. (1)

5.2 TEKS G

- Die taalvrae wat volg, is op die gesprek hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.



[Verwerk uit *Huisgenoot*, 4 September 2014]

Rosslyn Bernard, die kassiere, praat met mev. Emily Jones wat die winkel vir die eerste keer besoek.

Rosslyn:	Goeiemôre, Mevrou. Is dit die eerste keer dat (5.2.1) (u/jy) ons winkel besoek?
Emily:	Ja, ek moet (5.2.2) (erken/herken) ek voel nog baie vreemd hier.
Rosslyn:	Mevrou, ons winkel se goedkoop (5.2.3) (pryse/koste) sal enigiemand laat tuis voel.
Emily:	Ek stem saam. Jy weet, deesdae is (5.2.4) (suiker, tee, meel, tamatiesous en rys) vreeslik duur, maar 'n mens moet eet. (5.2.5) (Die meer ek probeer spaar, die duurder word die items.)
Rosslyn:	(5.2.6) (Ai/Aitsa) Mevrou, ek is regtig jammer om dit te hoor.

5.2.1	Kies die korrekte VOORNAAMWOORD.	(1)
5.2.2	Kies die korrekte WERKWOORD.	(1)
5.2.3	Kies die korrekte SELFSTANDIGE NAAMWOORD.	(1)
5.2.4	Gee EEN woord vir die woorde tussen hakies.	(1)
5.2.5	Verbeter die sin. Begin jou antwoord só: Hoe …	(1)
5.2.6	Kies die korrekte UITROEP.	(1)

[20]

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 80

Kopiereg voorbehou